**Skriflesing**: **Johannes 6 vers 22 tot 40**
**Tema: Ek is die brood wat lewe gee**
**(Net vir interessantheid: Jesus is in Betlehem gebore. Betlehem beteken "huis van brood")**

In die eerste verse van Johannes 6 lees ons van die eerste vermeerdering van die brood. Jesus gee met 5 garsbroodjies en 2 vissies kos vir 5 000 manne (waarskynlik enige iets tussen 10 000 en 15 000 mense). 12 mandjies van die garsbroodjies bly oor. Mense is beïndruk. Hulle sê vir mekaar dat Hy werklik 'n profeet is. Hulle wil Hom met geweld dadelik koning maak. Maar Hy is nie 'n aardse koning nie. Sy kroning gebeur net voor Sy kruisiging. Reeds hier blyk die misverstand wat by die skare heers duidelik. Hulle soek nou 'n aardse koning terwyl die Here 'n geestelike hemelse koninkryk kom vestig.

Hulle volg Jesus om verkeerde redes en Jesus sê dit vir hulle.

Hulle volg Hom nie, omdat hulle God in Sy dade raakgesien het nie. **In die eerste plek soek hulle wondertekens.** Hulle het gesien hoe Hy siekes gesond maak en brood en vissies vermeerder. Nou vra hulle vir Hom om weer iets te doen soos met die manna in die woestyn. Net die Seun van God kan sulke wonderlike dinge doen. Wanneer hulle sien wat Hy doen, sal hulle oortuig wees dat God aan Sy kant is. Hulle vra vir Jesus om vir hulle te wys wie Hy is - dan sal hulle glo.

Ons kry vandag steeds mense wat 'n onversadigbare drang na wondertekens het. 'n Mens kry hierdie skare oral waar wonderlike dinge gebeur. En natuurlik kan die Here steeds wondertekens doen. Hy kan enige iets doen. Maar dit is asof Jesus voor die skare staan en sê: "Kyk na my! Ek is julle wonderteken." Die Kind in die krip en die opgestane Verlosser is ons wonderteken. Daar kan niks groter as dit wees nie.

**Ons sien in die tweede plek dat die skare nie vir God soek nie. Hulle is honger en Hy het vir hulle 'n gratis ete gegee.**
Jesus is vir hulle die voorsiener van hulle fisieke behoeftes. Hulle dink nie verder dat die wondertekens ook 'n geestelike betekenis het nie.

Waarop fokus jy? So maklik kan ons, soms onbewustelik, agter Jesus aanloop vir verkeerde, selfsugtige of selfgesentreerde redes. Dan raak ons Godsdiens 'n eie diens. Dit gaan oor my behoeftes en my voordeel. Die Here moet vir my sorg op materiële gebied. Hy leer ons om te bid vir ons ons daaglikse brood. Maar so maklik kan ons Hom volg nét vir ons daaglikse brood. Tydens Kersfees fokus ons net op die versiering van die kerstafel en om ons familie en vriende vol te kry.

Jesus kom sê vir ons dat daar belangriker goed is as kos wat ons vandag aan die lewe hou en môre is ons weer honger. Ons moet moeite doen om Sy geestelike kos, wat vir ons altyd aan die lewe hou, te kry.
Hy is hierdie brood wat die lewe gee. Ons lees in Johannes 6 vers 33 en 35:
33 "Die brood wat God gee, is Hy wat uit die hemel kom en aan die wêreld die lewe gee."
35 Jesus antwoord hulle: "Ek is die brood van die lewe; Ek gee die ewige lewe vir mense. As iemand na My toe kom en vat wat Ek hom gee, sal hy geestelik heeltemal versadig word." (Boodskap)

In Johannes 10 vers 10 sê Jesus: "'n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed."

Vier maal in ons gelese gedeelte sê Hy dat Hy die lewe of die ewige lewe gee. Hierdie lewe is 'n lewende Geesvervulde verhouding met die Vader en die Seun. Die ewige lewe sal eendag in volmaaktheid aanbreek, maar dit is iets waarin ons as kinders van die Here vandag reeds deel.

'n Week of twee gelede het ons by die selgroepe gesels oor hoe die wêreld sou gelyk het as Jesus nie gekom het nie? Die eerste antwoord by die meeste van ons is dat daar net chaos sou gewees het. Maar daar is tog dele van Europa waar mense nie in Here glo nie en dit op die oog af baie goed gaan. Hulle redeneer dat hulle nie vir God nodig het nie, want hulle is hulle eie god wat vir hulself kan sorg. Wat kort hulle? Hulle het nie die lewe nie. Hulle sal geestelik honger bly, want hulle voed net hulle fisieke honger.

Jesus verseker ons dat Hy God se plan en Sy wil vir die wêreld is. En dan vra die mense: Wat moet ons doen om te doen wat God van ons verlang? Wat moet ons doen om God se wil te doen?
In Johannes 6 vers 29 lees ons: "En Jesus antwoord hulle: "Wat God van julle verlang, is dat julle moet glo in Hom wat Hy gestuur het."

Die woord: "glo" kom 98 maal in die Johannes evangelie voor. Ontvang God se geskenk in geloof. Dit beteken nie iets as ons net sien en hoor nie. Ons moet glo. Ons moet die brood wat lewe gee, eet.

Wanneer ek Christus so in geloof aangeneem het, beheers my werk, besittings of ambisies nie meer my lewe nie. Nou gaan alles oor Hom. Nou fokus ek op die voedsel wat nie vergaan nie en ek word deur Hom versadig. En ek leef uit Sy beloftes waarvan ons lees in Johannes 6 vers 37 tot 40:
37"Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe
kom, nooit verwerp nie. 38Ek het van die hemel af gekom nie om my wil te doen nie,
maar die wil van Hom wat My gestuur het. 39En dit is die wil van Hom wat My gestuur
het: dat Ek van almal wat Hy My gegee het, nie een verlore sal laat gaan nie, maar hulle
almal op die laaste dag uit die dood sal laat opstaan. 40Dit is die wil van my Vader: dat
elkeen wat die Seun sien en in Hom glo, die ewige lewe sal hê; en Ek sal hom op die
laaste dag uit die dood laat opstaan."

Die eerste deel van God se kersgeskenk aan ons, waarby ons hierdie jaar stilstaan, is die lewe deur Sy Seun. Hy is die brood wat lewe gee. Het jy hierdie lewe? Leef jy dit?
**Amen**